# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## 1. Vloei van fondse vir die jaar geëindig 31 Maart 1992

| | AANTEKE-NINGE | 31 Maart 1992 R | 31 Maart 1991 R |
|---|---|---|---|
| **BRON VAN FONDSE** | | | |
| Trekkings | | 4 598 329 298 | 5 414 485 139 |
| **AANWENDING VAN FONDSE** | | | |
| Betalings vir krygstuig aangekoop | 1 | 4 461 503 354 | 5 126 000 481 |
| Toename/(Afname) in trustgelde | 2 | 2 684 361 | (28 461 846) |
| Verkoopsbelasting | | 134 141 583 | 316 946 504 |
| | | 4 598 329 298 | 5 414 485 139 |

## 2. Betalings/(Verhalings) namens SA Weermag

| | 31 Maart 1992 R | 31 Maart 1991 R |
|---|---|---|
| – Direkteur Finansiële Koördinering | (70 950 276) | (481 204 831) |
| – Lugmag | 24 104 387 | 16 678 510 |
| – Kwartiermeester-generaal | – | 105 |
| – Hoof Betaalmeester | – | 1 252 |
| – Vloot | 1 240 042 | 17 532 |
| – Leër | (23 990) | 304 457 |
| – Geneeskundige Dienste | – | 7 566 |
| | (45 629 837) | (464 195 349) |

Betalings/(verhalings) geskied op versoek van die onderskeie onderafdelings van die SA Weermag. Die vloei van fondse en verrekening van transaksies word beheer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988

# OUDITEURSVERSLAG

Die Voorsitter en Lede van die Raad

**KRYGSTUIGKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1992**

Ons het die finansiële jaarstate asook die staat van vloei van fondse ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening wat op bladsy 144 tot 162 uiteengesit is, geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die direksie.

Ons het ons oudit ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde verels dat ons die oudit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Oudit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings wat in die finansiële state ingesluit is steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons ouditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die Korporasie op 31 Maart 1992, en van die resultate van bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en op die wyse deur die Wet op Krygstuigontwikkeling en Vervaardiging vereis.

Na ons mening verstrek die finansiële staat ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening vir die jaar geëindig 31 Maart 1992, 'n redelike weergawe van die vloei van fondse vir die jaar.

Coopers Theron Du Toit

COOPERS THERON DU TOIT

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

PRETORIA

4 AUGUSTUS 1992

South African History Archive

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING
## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE VLOEI VAN FONDSESTAAT OP 31 MAART 1992

| | | 31 Maart 1992 R | 31 Maart 1991 R |
|---|---|---|---|
| **1.** | **KANSELLASIE VAN BUITELANDSE KONTRAK** | | |

'n Deposito van R6 496 069 (FF15 984 000) is gedurende die 1988/89–finansiële jaar as deel van 'n verkrygingskontrak in 'n buitelandse bank inbetaal en as krygstuigaankope hanteer. Gedurende die jaar geëindig 31 Maart 1990 is die kontrak gekanselleer en die geld in die buitelandse bank bevries. Onderhandelings vir die terugbetaling van die geld is tans nog aan die gang.

| | | 31 Maart 1992 R | 31 Maart 1991 R |
|---|---|---|---|
| **2.** | **TRUSTGELDE** | | |
| 2.1 | Uitgawes reeds aangegaan maar nog nie teen die Spesiale Verdedigingsrekening verreken nie | 2 823 301 | 5 827 273 |
| 2.2 | Kontant in buitelandse banke | 39 469 834 | 33 781 501 |
| | | 42 293 135 | 39 608 774 |
| **3.** | **BERAAMDE UITSTAANDE VERPLIGTINGE** | | |
| 3.1 | Uitstaande teen lewering | 4 339 832 561 | 4 140 046 643 |
| 3.2 | *Min:* Voorskotte betaal | 662 036 671 | 900 039 725 |
| 3.3 | Subtotaal | 3 677 795 890 | 3 240 006 918 |
| 3.4 | Plus: Beraamde bykomende koste | 1 287 285 612 | 874 801 868 |
| 3.5 | Beraamde uitstaande verpligtinge | 4 965 081 502 | 4 114 808 786 |

3.6 Die bedrag getoon as uitstaande teen lewering (paragraaf 3.1) is verminder met vorderingsbetalings waar van toepassing.

3.7 Die netto beraamde totale uitstaande verpligtinge is oor 'n aantal jare betaalbaar en sluit verpligtinge in vreemde valuta in.

3.8 Op 31 Maart 1992 was goedkeurings reeds verkry vir die plaas van bestellings ten bedrae van R1 908 427 461 (1991 R3 281 177 489) waarvoor bestellings nog nie geplaas is nie. Hierdie bedrag is nie ingesluit by uitstaande verpligtinge nie.

| | | 31 Maart 1992 R | 31 Maart 1991 R |
|---|---|---|---|
| **4.** | **VASTE BATES BY KONTRAKTEURS** | | |
| | Kosprys | 89 301 449 | 100 928 775 |

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## 1. ADMINISTRASIE EN FINANSIERING

Ingevolge die bepalings van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening, Wet no 6 van 1974, soos gewysig, is die hoof-uitvoerende beampte van Krygkor belas met die administrasie en verantwoording van geld deur Krygkor uit die rekening betaal in verband met sy spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope.

## 2. REKENINGKUNDIGE BELEID

### 2.1 Kontraktuele verbintenisse

Krygkor kontrakteer in sy eie naam en het regsbevoegdheid daartoe. Kontraktuele verbintenisse wat hieruit voortspruit word ten volle deur die Suid-Afrikaanse Weermag afgedek by wyse van finansiële magtigings. In ander gevalle word dekking deur middel van rug-tot-rug bestellings verkry.

Die uitstaande verpligtinge op 31 Maart, voortspruitend uit gemelde kontraktuele verbintenisse, word in die finansiële state aangetoon en behels die bedrag uitstaande teen lewering plus beraamde bykomende koste gebaseer op historiese inligting.

### 2.2 Trustgelde

Die fondse onttrek in afwagting van finale deurvoering van verkrygingsaksies, sowel as fondse aangewend maar nog nie teen verkrygingsprojekte verreken nie, word in die finansiële state in 'n trusthoedanigheid mee gehandel.

### 2.3 Voorskotte, kapitaalbates en voorrade

Voorskotte en vorderingsbetalings aan kontrakteurs, kapitaalbates aangeskaf vir gebruik tydens vervaardiging deur kontrakteurs en bevoorrading van kontrakteurs, word teen verkrygingsprojekte verreken.

Voorskotte, voorrade en kapitaalbates by kontrakteurs word beheer deur middel van beheerstelsels wat voorsiening maak vir uitkenning, rekordering, fisiese beskerming, opnames en verrekening na voltooiing van kontrakte.

### 2.4 Vreemde valuta

Alle transaksies in die buiteland word gedurende die jaar teen 'n gemiddelde koers omgeskakel en te boek gestel. Kontant in buitelandse banke op 31 Maart is nie omgeskakel teen heersende wisselkoerse nie omdat boekhouding op 'n kontantvloeibasis geskied. Laasgenoemde feit het tot gevolg dat 'n wisselkoerswins van R3,0 miljoen nie in die state in berekening gebring is nie. (1990 R13,5 m wins).

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## 1. Vloei van fondse vir die jaar geëindig 31 Maart 1991

| | AANTEKE-NINGE | 31 Maart 1991 R | 31 Maart 1990 R |
|---|---|---|---|
| **BRON VAN FONDSE** | | | |
| Trekkings | | 5 414 485 139 | 5 655 917 390 |
| **AANWENDING VAN FONDSE** | | | |
| Betalings vir krygstuig aangekoop | 1 | 5 126 000 481 | 5 418 618 543 |
| Afname in trustgelde | 2 | (28 461 846) | (92 843 970) |
| Verkoopsbelasting | | 316 946 504 | 330 142 817 |
| | | 5 414 485 139 | 5 655 917 390 |

## 2. Betalings/(Verhalings) namens SA Weermag

| | 31 Maart 1991 R | 31 Maart 1990 R |
|---|---|---|
| – Direkteur Finansiële Koördinering | (481 204 831) | 35 775 341 |
| – Lugmag | 16 678 510 | 17 073 103 |
| – Kwartiermeester-generaal | 105 | 2 506 722 |
| – Hoof Betaalmeester | 1 252 | – |
| – Vloot | 17 592 | 295 227 |
| – Leër | 304 457 | 21 855 |
| – Geneeskundige Dienste | 7 566 | 600 |
| | (464 195 349) | 55 672 848 |

Betalings/(verhalings) geskied op versoek van die onderskele onderafdelings van die SA Weermag. Die vloei van fondse en verrekening van transaksies word beheer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE VLOEI VAN FONDSESTAAT OP 31 MAART 1991

| | | 31 Maart 1991 R | 31 Maart 1990 R |
|---|---|---|---|
| **1.** | **KANSELLASIE VAN BUITELANDSE KONTRAK** | | |
| | 'n Deposito van R6 496 069 (FF15 984 000) is gedurende die 1988/89–finansiële jaar as deel van 'n verkrygingskontrak in 'n buitelandse bank inbetaal en as krygstuigaankope hanteer. Gedurende die jaar geëindig 31 Maart 1990 is die kontrak gekanselleer en die geld in die buitelandse bank bevries. Onderhandelings vir die terugbetaling van die geld is tans nog aan die gang. | | |
| **2.** | **TRUSTGELDE** | | |
| 2.1 | Uitgawes reeds aangegaan maar nog nie teen die Spesiale Verdedigingsrekening verreken nie | 5 827 273 | 14 985 286 |
| 2.2 | Kontant in buitelandse banke | 33 781 501 | 53 085 334 |
| | | 39 608 774 | 68 070 620 |
| **3.** | **BERAAMDE UITSTAANDE VERPLIGTINGE** | | |
| 3.1 | Uitstaande teen lewering | 4 140 046 643 | 5 623 933 339 |
| 3.2 | *Min:* Voorskotte betaal | 900 039 725 | 879 494 490 |
| 3.3 | Subtotaal | 3 240 006 918 | 4 744 438 849 |
| 3.4 | Plus: Beraamde bykomende koste | 874 801 868 | 1 707 997 986 |
| 3.5 | Beraamde uitstaande verpligtinge | 4 114 808 786 | 6 452 436 835 |
| 3.6 | Die bedrag getoon as uitstaande teen lewering (paragraaf 3.1) is verminder met vorderingsbetalings waar van toepassing. | | |
| 3.7 | Die netto beraamde totale uitstaande verpligtinge is oor 'n aantal jare betaalbaar en sluit verpligtinge in vreemde valuta in. | | |
| 3.8 | Op 31 Maart 1991 was goedkeurings reeds verkry vir die plaas van bestellings ten bedrae van R3 281 177 489 (1990 R2 682 142 179) waarvoor bestellings nog nie geplaas is nie. Hierdie bedrag is nie ingesluit by uitstaande verpligtinge nie. | | |
| **4.** | **VASTE BATES BY KONTRAKTEURS** | | |
| | Kosprys | 100 928 775 | 86 492 813 |

ARCHIVE FOR JUSTICE

Die Voorsitter en Lede van die Raad

Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika Beperk

# OUDITEURSVERSLAG VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1991

1. Ons het die boeke, rekeninge en bewysstukke van die Korporasie tot die mate wat ons nodig geag het ondersoek en daardie inligting en verduidelikings wat noodsaaklik geag was, verkry.

2. Ons het onsself vergewis aangaande die bestaan van die sekuriteite en is tevrede gestel dat notuleboeke en bywoningsregisters ten opsigte van direksievergaderings van die Korporasie in behoorlike vorm bygehou word.

3. Die Korporasie het behoorlike rekeningkundige rekords bygehou waarmee die aangehegte finansiële jaarstate in ooreenstemming is.

4. Die finansiële jaarstate in bladsye 146 tot 164 vervat, is opgestel op die grondslae aangedui.

5. Die finansiële jaarstate gee na ons mening, die finansiële stand van die Korporasie op 31 Maart 1991, die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op genoemde datum en die vloei van fondse ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening, redelik weer.

Coopers Theron Du Toit

COOPERS THERON DU TOIT

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

PRETORIA

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# Spesiale Verdedigingsrekening

## 1. ADMINISTRASIE EN FINANSIERING

Ingevolge die bepalings van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening, Wet no 6 van 1974, soos gewysig, is die hoof-uitvoerende beampte van Krygkor belas met die administrasie en verantwoording van geld deur Krygkor uit die rekening betaal in verband met sy spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope.

## 2. REKENINGKUNDIGE BELEID

### 2.1 Kontraktuele verbintenisse

Krygkor kontrakteer in sy eie naam en het regsbevoegdheid daartoe. Kontraktuele verbintenisse wat hieruit voortspruit word ten volle deur die Suid-Afrikaanse Weermag afgedek by wyse van finansiële magtigings. In ander gevalle word dekking deur middel van rug-tot-rug bestellings verkry.

Die uitstaande verpligtinge op 31 Maart, voortspruitend uit gemelde kontraktuele verbintenisse, word in die finansiële state aangetoon en behels die bedrag uitstaande teen lewering plus beraamde bykomende koste gebaseer op historiese inligting.

### 2.2 Trustgelde

Die fondse onttrek in afwagting van finale deurvoering van verkrygingsaksies, sowel as fondse aangewend maar nog nie teen verkrygingsprojekte verreken nie, word in die finansiële state in 'n trusthoedanigheid mee gehandel.

### 2.3 Voorskotte, kapitaalbates en voorrade

Voorskotte en vorderingsbetalings aan kontrakteurs, kapitaalbates aangeskaf vir gebruik tydens vervaardiging deur kontrakteurs en bevoorrading van kontrakteurs, word teen verkrygingsprojekte verreken.

Voorskotte, voorrade en kapitaalbates by kontrakteurs word beheer deur middel van beheerstelsels wat voorsiening maak vir uitkenning, rekordering, fisiese beskerming, opnames en verrekening na voltooiing van kontrakte.

### 2.4 Vreemde valuta

Alle transaksies in die buiteland word gedurende die jaar teen 'n gemiddelde koers omgeskakel en teboek gestel. Kontant in buitelandse banke op 31 Maart is nie omgeskakel teen heersende wisselkoerse nie omdat boekhouding op 'n kontantvloeibasis geskied. Laasgenoemde feit het tot gevolg dat 'n wisselkoerswins van R13,5 miljoen nie in die state in berekening gebring is nie. (1989- R4,4 m:wins).

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## 1. Vloei van fondse vir die jaar geëindig 31 Maart 1990

| | AANTEKE-NINGE | 31 Maart 1990 R | 31 Maart 1989 R |
|---|---|---|---|
| **BRON VAN FONDSE** | | | |
| Trekkings | | 5 655 917 390 | 4 845 208 908 |
| **AANWENDING VAN FONDSE** | | | |
| Betalings vir krygstuig aangekoop | 1 | 5 418 618 543 | 4 493 906 402 |
| Toename/(Afname) in trustgelde | 2 | (92 843 970) | 119 928 919 |
| Verkoopsbelasting | | 330 142 817 | 231 373 587 |
| | | 5 655 917 390 | 4 845 208 908 |

## 2. Betalings/(Verhalings) namens SA Weermag

| | 31 Maart 1990 R | 31 Maart 1989 R |
|---|---|---|
| – Direkteur Finansiële Koördinering | 35 775 341 | (131 350 654) |
| – Lugmag | 17 073 103 | 8 363 051 |
| – Kwartiermeester-generaal | 2 506 722 | 6 138 432 |
| – Vloot | 295 227 | 363 |
| – Leër | 21 855 | 65 001 |
| – Geneeskundige Dienste | 600 | 12 264 |
| | 55 672 848 | (116 751 543) |

Betalings/(verhalings) geskied op versoek van die onderskeie onderafdelings van die SA Weermag. Die vloei van fondse en verrekening van transaksies word beheer. In sommige gevalle kan Krygkor egter nie kontrole oor die doelmatige aanwending van fondse uitoefen nie en kan sy eksterne ouditeure insgelyks nie 'n mening in die verband uitspreek nie. Die betrokke gevalle word onder die Ouditeur-Generaal se aandag gebring.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE VLOEI VAN FONDSESTAAT OP 31 MAART 1990

| | 31 Maart 1990 R | 31 Maart 1989 R |
|---|---|---|

### 1. KANSELLASIE VAN BUITELANDSE KONTRAK

'n Deposito van R6 496 069 (FF 15 984 000) is gedurende die 1988/89-finansiële jaar as deel van 'n verkrygingskontrak in 'n buitelandse bank inbetaal en as krygstuigaankope hanteer. Gedurende die jaar geëindig 31 Maart 1990 is die kontrak gekanselleer en die geld in die buitelandse bank bevries. Onderhandelings vir die terugbetaling van die geld is tans nog aan die gang.

### 2. TRUSTGELDE

| | | 31 Maart 1990 R | 31 Maart 1989 R |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Uitgawes reeds aangegaan maar nog nie teen die Spesiale Verdedigingsrekening verreken nie | 14 985 286 | 13 225 650 |
| 2.2 | Kontant in buitelandse banke | 53 085 334 | 147 688 940 |
| | | 68 070 620 | 160 914 590 |

### 3. BERAAMDE UITSTAANDE VERPLIGTINGE

| | | 31 Maart 1990 R | 31 Maart 1989 R |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Uitstaande teen lewering | 5 623 933 339 | 6 242 540 152 |
| 3.2 | *Min:* Voorskotte betaal | 879 494 490 | 951 421 403 |
| 3.3 | Subtotaal | 4 744 438 849 | 5 291 118 749 |
| 3.4 | Plus: Beraamde bykomende koste | 1 707 997 986 | 1 851 891 563 |
| 3.5 | Beraamde uitstaande verpligtinge | 6 452 436 835 | 7 143 010 312 |

3.6 Die bedrag getoon as uitstaande teen lewering (paragraaf 3.1) is verminder met vorderingsbetalings waar van toepassing.

3.7 Die netto beraamde totale uitstaande verpligtinge is oor 'n aantal jare betaalbaar en sluit verpligtinge in vreemde valuta in.

3.8 Op 31 Maart 1990 was goedkeurings reeds verkry vir die plaas van bestellings ten bedrae van R2 682 142 179 (1989- R1 518 850 288) waarvoor bestellings nog nie geplaas is nie. Hierdie bedrag is nie ingesluit by uitstaande verpligtinge nie.

### 4. BATES BY KONTRAKTEURS

| | 31 Maart 1990 R | 31 Maart 1989 R |
|---|---|---|
| Kosprys | 96 492 813 | 55 714 884 |

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Die Voorsitter en Lede van die Raad

Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika Beperk

# OUDITEURSVERSLAG VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1990

1. Ons het die boeke, rekeninge en bewysstukke van die Korporasie tot die mate wat ons nodig geag het ondersoek en daardie inligting en verduidelikings wat noodsaaklik geag was, verkry.

2. Ons het onsself vergewis aangaande die bestaan van die sekuriteite en is tevrede gestel dat notuleboeke en bywoningsregisters ten opsigte van direksievergaderings van die Korporasie in behoorlike vorm bygehou word.

3. Die Korporasie het behoorlike rekeningkundige rekords bygehou waarmee die aangehegte finansiële jaarstate in ooreenstemming is.

4. Die finansiële jaarstate in bladsye 142 tot 158 vervat, is opgestel op die grondslae aangedui.

5. Opmerking:

   Met verwysing na aantekening 2 op bladsy 157 is dit nie vir ons moontlik om 'n mening uit te spreek oor die korrektheid al dan nie van sekere van die betalings/verhalings wat namens ander Weermagsdele hanteer is nie.

6. Onderhewig aan bogenoemde opmerking, doen ons verder soos volg verslag:

   Die finansiële jaarstate gee na ons mening, die finansiële stand van die Korporasie op 31 Maart 1990, die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op genoemde datum en die vloei van fondse ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening, redelik weer.

THERON DU TOIT

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

PRETORIA

7 AUGUSTUS 1990

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# Spesiale Verdedigingsrekening

## 1. ADMINISTRASIE EN FINANSIERING

Ingevolge die bepalings van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening, Wet no 6 van 1974, soos gewysig, is die hoof-uitvoerende beampte van Krygkor belas met die administrasie en verantwoording van geld deur Krygkor uit die rekening betaal in verband met sy spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope.

## 2. REKENINGKUNDIGE BELEID

### 2.1 Kontraktuele verbintenisse

Krygkor kontrakteer in sy eie naam en het regsbevoegdheid daartoe. Kontraktuele verbintenisse wat hieruit voortspruit word ten volle deur die Suid-Afrikaanse Weermag afgedek by wyse van finansiële magtigings. In ander gevalle word dekking deur middel van rug-tot-rug bestellings verkry.

Die uitstaande verpligtinge op 31 Maart, voortspruitend uit gemelde kontraktuele verbintenisse, word in die finansiële state aangetoon en behels die bedrag uitstaande teen lewering plus beraamde bykomende koste gebaseer op historiese inligting.

### 2.2 Trustgelde

Die fondse onttrek in afwagting van finale deurvoering van verkrygingsaksies, sowel as fondse aangewend maar nog nie teen verkrygingsprojekte verreken nie, word in die finansiële state in 'n trusthoedanigheid mee gehandel.

### 2.3 Voorskotte, kapitaalbates en voorrade

Voorskotte en vorderingsbetalings aan kontrakteurs, kapitaalbates aangeskaf vir gebruik tydens vervaardiging deur kontrakteurs en bevoorrading van kontrakteurs, word teen verkrygingsprojekte verreken.

Voorrade en kapitaalbates by kontrakteurs word beheer deur middel van omvattende beheerstelsels wat voorsiening maak vir uitkenning, rekordering, fisiese beskerming, opnames en verrekening na voltooiing van kontrakte.

### 2.4 Vreemde valuta

Alle transaksies in die buiteland word gedurende die jaar teen 'n gemiddelde koers omgeskakel en teboek gestel. Kontant in buitelandse banke op 31 Maart is nie omgeskakel teen heersende wisselkoerse nie omdat boekhouding op 'n kontantvloeibasis geskied. Laasgenoemde feit het tot gevolg dat 'n wisselkoerswins van R4,4 miljoen nie in die state in berekening gebring is nie. (1988 - R1,8 m: verlies).

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## 1. Vloei van fondse vir die jaar geëindig 31 Maart 1989

| | AANTEKE-NINGE | 31 Maart 1989 | 31 Maart 1988 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| **BRON VAN FONDSE** | | | |
| Trekkings | | 4 845 208 908 | 2 743 423 553 |
| **AANWENDING VAN FONDSE** | | | |
| Betalings vir krygstuig aangekoop | | 4 493 906 402 | 2 592 955 306 |
| Toename/(Afname) in trustgelde | 1 | 119 928 919 | (34 945 652) |
| Verkoopsbelasting | | 231 373 587 | 185 413 899 |
| | | 4 845 208 908 | 2 743 423 553 |

## 2. Betalings/(Verhalings) namens SA Weermag

| | | |
|---|---|---|
| – Direkteur Finansiële Koördinering | (131 350 654) | 75 068 108 |
| – Lugmag | 8 363 051 | 2 102 739 |
| – Kwartiermeester-generaal | 6 138 432 | 3 053 039 |
| – Vloot | 363 | 15 103 |
| – Leër | 85 001 | (713) |
| – Geneeskundige Dienste | 12 264 | – |
| | (116 751 543) | 80 238 276 |

Betalings/(verhalings) geskied op versoek van die onderskeie onderafdelings van SA Weermag. Geen beheer of kontrole kan deur Krygkor of sy eksterne ouditeure ten opsigte van sodanige fondse uitgeoefen word nie. Die aangeleentheid is onder die Ouditeur-Generaal se aandag gebring.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988

## SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE VLOEI VAN FONDSESTAAT OP 31 MAART 1989

| | | 31 Maart 1989 R | 31 Maart 1988 R |
|---|---|---|---|
| **1. TRUSTGELDE** | | | |
| 1.1 | Uitgawes reeds aangegaan maar nog nie teen die Spesiale Verdedigingsrekening verreken nie | 13 225 650 | 3 940 307 |
| 1.2 | Kontant in buitelandse banke | 147 688 940 | 37 045 364 |
| | | 160 914 590 | 40 985 671 |
| **2. BERAAMDE UITSTAANDE VERPLIGTINGE** | | | |
| 2.1 | Uitstaande teen lewering | 6 242 540 152 | 2 898 192 041 |
| 2.2 | *Min:* Voorskotte betaal | 951 421 403 | 384 978 542 |
| 2.3 | Subtotaal | 5 291 118 749 | 2 513 213 499 |
| 2.4 | Plus: Beraamde bykomende koste | 1 851 891 563 | 779 096 185 |
| 2.5 | Beraamde uitstaande verpligtinge | 7 143 010 312 | 3 292 309 684 |

2.6 Die bedrag getoon as uitstaande teen lewering (paragraaf 2.1) is verminder met vorderingsbetalings waar van toepassing.

2.7 Die netto beraamde totale uitstaande verpligtinge is oor 'n aantal jare betaalbaar en sluit verpligtinge in vreemde valuta in.

2.8 Op 31 Maart 1989 was goedkeurings reeds verkry vir die plaas van bestellings ten bedrae van R1 518 850 288 (1988- R2 791 060 853) waarvoor bestellings nog nie geplaas is nie. Hierdie bedrag is nie ingesluit by uitstaande verpligtinge nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Die Voorsitter en Lede van die Raad

Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika Beperk

# OUDITEURSVERSLAG VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1989

1. Ons het die boeke, rekeninge en bewysstukke van die Korporasie tot die mate wat ons nodig geag het ondersoek en daardie inligting en verduidelikings wat noodsaaklik geag was, verkry.

2. Ons het onsself vergewis aangaande die bestaan van die sekuriteite en is tevrede gestel dat notuleboeke en bywoningsregisters ten opsigte van direksievergaderings van die Korporasie in behoorlike vorm bygehou word.

3. Die Korporasie het behoorlike rekeningkundige rekords bygehou waarmee die aangehegte finansiële jaarstate in ooreenstemming is.

4. Die finansiële jaarstate in bladsye 143 tot 160 vervat, is opgestel op die grondslae aangedui.

5. Opmerking:

   Met verwysing na aantekening 2 op bladsy 159 is dit nie vir ons moontlik om 'n mening uit te spreek oor die korrektheid al dan nie van die betalings/verhalings wat namens ander Weermagsdele hanteer is nie.

6. Onderhewig aan bogenoemde opmerking, doen ons verder soos volg verslag:

   Die finansiële jaarstate gee na ons mening, die finansiële stand van die Korporasie op 31 Maart 1989, die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op genoemde datum en die vloei van fondse ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening, redelik weer.

Theron Du Toit

THERON DU TOIT

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

PRETORIA

4 JULIE 1989

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988